Van instituut tot beweging: konsultasie in kerkverband

Chris van Wyk

Die dae is verby dat 'n meerdere vergadering soos die Algemene Sinode bymekaar kom, voorbereide verslae tot bindende besluite verteer en hulle *ex cathedra* op alle mindere vergaderings van die kerk in sinodes, ringe en gemeentes afdwing.

Die NG Kerk het 'n beduidende skuif na konsulterende prosesse gemaak. Dit was die geval in die aanloop tot die Algemene Sinode 2007, sowel as in die afloop daarná in die verhouding met sinodes, ringe en gemeentes.

Dié skuif is duidelik sigbaar in die wye konsultasie wat gevolg is met die totstandkoming van die verskillende verslae. Dink maar net aan die samestelling van die lede van die taakspan oor homoseksualiteit en hulle werkswyse, die wyse waarop die taakspan vir teologiese opleiding kennis geneem het van nuwe wetgewing rondom tersiêre onderrig, en die integrale deel wat konsultasie in die ekumeniese verklarings rondom geweld en misdaad gespeel het.

Konsultasie met gemeentes vorm nou 'n integrale deel van die voortgaande proses van kerkhereniging wat ná die Algemene Sinode in sinodes gevolg gaan word (soos trouens ook al by die vorige Algemene Sinode in 2004 die geval was).

Hierdie manier van doen verteenwoordig 'n insiggewende ontwikkeling in die wyse waarop die NG Kerk-verband funksioneer.

Gemeentes as deelnemende vennote

Konsultasie van ander kerke op ekumeniese vlak is natuurlik al lank die aanvaarde manier van doen. Die selfstandigheid van die deelnemende partye vereis dit. Die konsultasie van mindere vergaderings van die kerk, daarenteen, meer spesifiek van gemeentes, is relatief nuut. En dit verteenwoordig nie net 'n nuwe manier van doen nie, maar ook 'n nuwe verstaan van die kerkverband.

Die taal van die besluite oor kerkhereniging weerspieël hierdie nuwe verstaan. Dit is die taal van onderhandeling en konsultasie, byvoorbeeld:

- Die Algemene Sinode versoek die sinodes om die Achterberg II-dokumente, saam met die besluite van die Algemene Sinode van 2004, aan gemeentes deur te gee vir bespreking en kommentaar. Klem word daarop gelê dat hierdie fase slegs vir konsultasie, bespreking, insette en kommentaar is.
- Die Algemene Sinode dra dit aan die moderamen op om, in die lig van die kommentaar en insette van gemeentes, asook die besluite van die Algemene Sinode 2004, met die ander drie kerke te onderhandel oor konkrete voorstelle aan kerkrade en gemeentes van al vier die kerke. Uitiendelik word dié voorstelle ook voorgelê aan gemeentes vir besluitneming.

Wat 'n mens hierin raaksien, is dat gemeentes se reg om oor hulle eie werk te besluit, erken word. Die wesenlike rol van gesamentlike gesprek en besinning op alle vlakke word in ag geneem.

Dit sal ook die geval wees in die wyse waarop approbasie of goedkeuring van die uiteindelike besluite sal werk. Om die waarheid te sê, die terugvoer van die mindere vergaderings van die kerk word nou 'n integrale deel van die konsultasieproses van die Algemene Sinode met ander Algemene Sinodes. Gemeentes word ál meer as deelnemende vennote beskou, eerder as ontvangende kliënte.

Interafhanklike netwerke

Daar is filosofiese redes vir dié beweging. Teenóór 'n eensydig-meganistiese, hiërargiese verstaan

van die wêreld as vrug van die moderne tyd ná die Aufklärung, het 'n ál groter besef van die interafhanklikheid van dinge na vore getree. Eddie Gibbs en Ian Coffey in *Church Next* dui daarop dat as gevolg van dié besef, wêreldwyd 'n skuif van hiërargiese institute na begeleide (apostoliese) netwerke na vore gekom het. Kerke raak méér en méér netwerke van verhoudings waar stories, bronne en hulpmiddels gedeel word, insigte uitgeruil en van mekaar geleer word.

In só 'n "learning organisation" is die fokus die stimulering van uitkringende en kreatiewe sáám dink en sáám doen, en nie die beperking en versmoring daarvan deur reëls wat hiërargies afgedwing word nie. Waardes is dit wat die rigtinggewende basis word en die verbeelding aangryp, en nie presiese voorskrifte wat die verbeelding inperk nie.

'n Skuif soos hierbo beteken ook dat generiese gemeentes, waar almal dieselfde dinge op dieselfde wyse gedoen het, verander word na inkarnerende gemeenskappe waar die evangelie op unieke maniere vir spesifieke gemeenskappe ingeklee word. Dit beteken dat daar meer in gemeenskappe met die evangelie inbeweeg word, as wat mense uit die gemeenskappe uitbeweeg na 'n alternatiewe eilandsituasie (beweeg van "invitation to infiltration" – Gibbs & Coffey).

Dit resultaat is dat van die blote instandhouding van die instituut – wat baie keer 'n oorleweringsmodus tot gevolg het – oorbeweeg word na die evangelisering van die gemeenskap (met ander woorde na 'n missionale modus). Geen wonder dat die Algemene Sinode ook aangekondig het dat in 2010 met 'n Seisoen van Evangelisasie begin word nie, want dít is in ooreenstemming met dié ontwikkeling.

Die kerk as instituut én as beweging

Teologies gesproke wil dit lyk asof met die voorgestelde konsultasieproses gemeentes in die kerkverband weer herontdek word as geskenk van die Here aan die wêreld, as die primêre draers van die evangelie (1 Tim 3:15). Dit verander die wyse waarop die kerkverband funksioneer redelik ingrypend.

Kerkwees het tradisioneel verskillende gestaltes. Op informele vlak kan die kerk beskryf word as 'n beweging van gelowiges wat hulle geloof sáám uitleef. Die waarde hiervan is dat daar groter beweeglikheid en aanpasbaarheid is, wat 'n groter diversiteit op grondvlak waar gelowiges met plaaslike gemeenskappe in kontak kom, moontlik maak.

Op formele vlak kan die kerk as 'n instituut (en ná die Reformasie as verskillende denominasies) beskryf word, waar 'n sterk hiërargie van gesag gewoonlik in terme van leer en lewe gehandhaaf word.

Die wyse waarop die Algemene Sinode in die verlede gefunksioneer het, met die baie groot klem op kommissies en kerkordelike artikels en reglemente, en die toesig dat die ordereëls nougeset nagekom is, het baie gedoen om die NG Kerk se gestalte as instituut te bevorder. Dit het daarvoor gesorg dat daar eenvormigheid in openbare standpuntinname en in leer en lewe in gemeentes kon wees, maar dit kon nie die diversiteit van plaaslike kontekste genoegsaam verreken nie.

Dit wil egter nou voorkom of die kerkverband in die NG Kerk besig is om te ontwikkel tot 'n interessante kombinasie van instituut en beweging. Dit word geïllustreer deur die klem wat verskuif het van hiërargiese besluite (wat sonder enige inset deur mindere gestaltes van die kerk uitgevoer moes word), na konsulterende prosesse (waar die insette van die mindere gestaltes van die kerk 'n integrale deel van die uiteindelike ooreenkomste en besluite uitmaak).

Dit beteken nie dat die rol van die instituut heeltemal tot niet gemaak is nie. Die instituut van die NG Kerk, veral in die meerdere vergaderings, bly nog die plek waar insette saamgevoeg en gekoördineer word en in onderhandelings met die ander kerke verder geneem word.

Bogenoemde veroorsaak egter dat die kerkorde byvoorbeeld 'n tweede-orde dokument word wat die veranderinge en besluite binne die kerk – ook op grond van die insette van gemeentes – reflekteer, saamvat en bestuur. Dit kan telkens verander word om nuwe ontwikkelinge te akkommodeer. Daarom het die Algemene Sinode van 2007 hulle vergadering met die roepingsverklaring en -verbintenis van 2002 en 2004 begin.

Die eerste deel van die vergadering het gefokus op die temas van roeping, identiteit en verhoudings vóórdat die temas van administrasie en bestuur aan die orde gekom het (waarvan die kerkorde en reglemente 'n integrale deel vorm). Soos by die vorige twee sinodes, is wéér afgesluit met 'n

Vervolg op bl 16

Wat 'n voorreg was dit om hierdie sinode by te woon!"

Van vooroordeel tot waardering, van spot tot bewondering, en dit vanuit die pen van 'n politieke verslaggewer oor die NG Kerk wat die afgelope dekades – dikwels met reg – maar swaar gekry het in die pers.

Wat het gebeur?

Ek dink die kultuur het geskuif en die buitestanders het dit eerste raakgesien!

Natuurlik speel leierskap 'n groot rol. Natuurlik het die Seisoen van Luister se waardes en luistervaardighede 'n groot rol gespeel.

Dit was eintlik van die begin af duidelik dat die "lewenswandel" van hierdie Sinode anders gaan wees as vorige sinodes, dat leerbaarheid, vertroue, deernis en openheid die deurslag gaan gee. Die werk van die afgelope vyf jaar het skielik bokant die oppervlakte uitgebreek.

Daar is ook 'n ander, méér geldige verklaring. Kultuurverandering is die werk van die Gees; dit is 'n geskenk aan 'n kerk wat deur diep waters is, wat hulle leiers gekruisig het en wat hulleself en almal om hulle wantrou. Ook hierdie gemeenskap van gelowiges is gevorm deur die werk van die Heilige Gees wat liefde, verdraagsaamheid en deernis aan ons as onverdiende gawe teruggegee het (Gal 5:13 ev).

Wat het ons geleer?

As die waarnemings van 'n kultuurskuif deur die verslaggewers waar is – en ek dink dit is waar – is die vraag: Wat gaan ons daarmee maak? Soos baie ander kere wat ek sulke skuiwe waargeneem het, bly die een groot vraag: Waarop gaan ons fokus? Sal dit op die binnegevegte wees, of gaan ons in gesprek bly met die buitestanders om ons te help ontdek wat die Gees aan ons skenk?

Dit is die voorreg van die leierskap om ons te help om hierdie gawe te kan ontvang, en dit wéér en méér te beliggaam. Dit is die verantwoordelikheid van ons almal om hierdie geskenk te ontvang.

Oral waar ons kerk is – in gemeentes, ringe en sinodale werk en in die gemeenskap – moet ons getuies wees van die gemeenskap van gelowiges wat by van sy moeilikste oomblikke, toe konflik en skeuring die helderste voor hom kom staan het, die genade ontvang het om te kies vir leerbaarheid, vertroue, deernis en openheid.

- ***Frederick Marais*** *is 'n gemeentekonsultant by BUVTON wat verskeie netwerke in die NG Kerk help ontwikkel het: Leesrooster, CFN en die Projek vir Gestuurde Gemeentes. Hy is die skrywer van die derde Seisoen van Luister-produk:* God Praat – Leef Luisterryk: vir vergaderings *by Bybel-Media.*

Van instituut tot beweging: konsultasie in kerkverband

Van bl 13

roepingsverklaring, nuut verwoord aan die hand van die waardes van die Seisoen van Luister.

"Julle is my vriende"

Die idee van vennootskap en samewerking begin dus die wyse waarop ons kerkwees verstaan verander. Dit het ook bepaalde skuiwe in die magstrukture tot gevolg, omdat nou in die eerste plek nagedink word oor wáár ons wil uitkom en wát ons wil doen, eerder as dat gepraat word oor wie die reg het om dit te doen en hoe gevestigde belange beskerm kan word.

Van 'n ander kant gesien: Die mag wat in die sisteem van verhoudinge ontwikkel, word nou gebruik om die visie te dryf en nie om die gevestigde belange te beveilig en besluite aan die hand van dié belange te manipuleer nie.

Die woorde van Jesus in Joh 15:15 is van toepassing: "Ek noem julle nie meer ondergeskiktes nie, want 'n ondergeskikte weet nie wat sy baas doen nie. Nee, Ek noem julle vriende, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het" - 'n metafoor vir die wyse waarop die verband funksioneer: vennote en vriende, en nie base en klase nie.

Die mag van die verband is nou die mag van verhoudings wat sinergie skep, diversiteit insluit, gebruik en vier – tot 'n baie groter impak op baie méér terreine in die koninkryk.

- ***Chris van Wyk*** *is een van die predikante van die NG Gemeente Somerstrand in Port Elizabeth en assessor van die sinode van Oos-Kaapland. Hy is skriba van die Gemeentedienste Netwerk, www.gemeentes.co.za, en medeskrywer van die eerste twee Seisoen van Luister-produkte:* God Praat – Leef Luisterryk: vir groepe/vir begeleiers *by Bybel-Media.*